HOOFSTUK 3

# PROFESSIONALISERING EN DIE IMPLIKASIES DAARVAN VIR DIE SPORT=AFRIGTINGSPRAKTYK

## 3.1 PROFESSIONALISERING

Literatuur oor professionalisering, die professies en begrippe wat hiermee verband hou, is omvangryk. Sosioloë poog om die begrippe te omlyn en vanuit die sosiologie te verklaar. In die verband word enkele aspekte bespreek.

Professionalisering word eerstens kortliks uit 'n sosiologiese oogpunt toegelig en daarna vanuit 'n sportsosiologiese oog=punt, sodat vasgestel kan word watter betekenis aan hierdie begrip in die sportwêreld toegedig word.

### 3.1.1 Sosiologiese oogpunt

Die gebruik van die woord "professie" strek ongeveer van die sestiende eeu af. Alhoewel die term uit Latyn afkomstig is, kom daar glad nie 'n ooreenstemmende term in die taal van die Romeine voor nie. Tog het die idee van professies en professionele opleiding reeds by die Romeine ontstaan (Brubacher, 1962:47). Die professies soos ons dit vandag ken, het gedurende die middel-Viktoriaanse tydperk ontstaan. Gedurende hierdie tydperk is die beste manier gesoek waardeur die middelklas hulle primêre doelstelling van 'n goeie lewe, kon verwesenlik. Hulle wou ook die morele en intellektuele karakter van die gemeenskap verbeter en die status van diegene

wat bo hulle op die sosiale ranglys was, na-aap (Bledstein, 1976:80). Diegene wat beroepe op die religieuse-, juridiese- en mediese gebied beoefen het, het hoë aansien geniet, aangesien hulle hulle meestal besig gehou het met die probleme van mense met hoë status en hulle het 'n lewenstyl gevolg wat by dié van die kliënte gepas het. Daarenteen was daar diegene wat op die terrein van die voorgenoemde beroepe werksaam was, maar wat diens gelewer het aan die bevolking van die laer stand. Diegene is ook tot die laer stande gereken en as "kwakke" beskou.

As gevolg van die toename in gespesialiseerde kennis, het opleidingsgeleenthede vir die verskillende beroepsaktiwiteite ontstaan. Opleiding het die beoefenaars van die beroepe, al het hulle uit verskillende sosiale stande gekom, gelyk=geskakel. Tog het die beroepe nie aansien verloor as gevolg van die toelating van persone uit 'n laer sosiale stand nie, aangesien die opleiding, deeglike organisasie, die beskerming van vakbekwaamhede en die keuring van voornemende beoefenaars in die besondere beroep, die moontlike "verlore status" weer herwin het (Stokvis, 1979:141).

Volgens Larson (1977: x ) is professies beroepe met besondere gesag en prestige. Die gemeenskap gee hierdie erkenning aan die professies, omdat hulle oor besondere kennis van bepaalde sake, wat verband hou met die behoeftes en waardes van die sosiale sisteem, beskik. Verder word na die profes=sies opgesien omdat diegene wat dit beoefen verbind is tot diens aan die gemeenskap eerder as tot materiële gewin.

Die professies het hul beslag gekry as gevolg van die gemeenskap se behoeftes aan of begeertes na spesiale dienste (McGlothlin, 1964:1). Aanvanklik kon die gemeenskappe met 'n paar spesiale dienste en gevolglik 'n paar professionele groepe klaarkom. Maar met die toenemende ingewikkeldheid van die gemeenskap het die aantal professies vermeerder.

Dit is tiperend van die moderne gemeenskap om steeds meer formele opleiding (voorbereiding) vir steeds meer beroepe te voorsien, dit aan te moedig en selfs te vereis (Bigelow, 1964:v). Bigelow (1964:v) beweer dat dit aan drie faktore toegeskryf kan word, naamlik:

- die tegniese vaardighede het meer en ingewikkelder geword;
- die take wat verrig moet word, vereis meer analitiese vermoëns;
- opvoeding/onderwys het prestigewaarde gekry en aan die wat onderrig is, prestige laat toekom.

Sodra die punt bereik word waar die opleidingstyd vir 'n beroep net solank of langer is as die tyd wat benodig word om te kwalifiseer vir 'n baccalauriusgraad, ontstaan die vraag of die opleiding nie deur 'n universiteit oorgeneem moet word en sodra dit suksesvol voltooi is, 'n graad toegeken moet word nie. Sou dit gebeur, maak die beroep onmiddellik aanspraak op die status van 'n professie (Bigelow, 1964: v). Die aard van die opleiding impliseer in so 'n geval dat diegene wat die opleiding suksesvol deurloop het, bekwaam is om aan die vereistes van 'n professie te voldoen.

Drie dimensies kan in 'n professie onderskei word, naamlik:

- 'n Kognitiewe dimensie wat gerig is op
  - i) kennis en tegnieke wat in 'n professie gebruik word en
  - ii) die opleiding wat nodig is om die kennis en vaardig= hede te bemeester.
- 'n Normatiewe dimensie wat die diensoriëntasie van profes= sionele mense en hul onderskeidende etiek insluit. Dit is hierdie diensgeoriënteerdheid en etiek wat die voorreg tot eiebeheer/outonomie wat deur die samelewing aan die professie toegestaan word, regverdig.
- 'n Evaluatiewe dimensie waarin die besondere professie met ander beroepe vergelyk word, terwyl die unieke eien= skappe van die professie, naamlik outonomie en prestige, bewaar word.

Die onderskeidenheid van professies word gevind in 'n kombina= sie van hierdie drie dimensies. Die professies word dikwels "eie" gemeenskappe en die lede ervaar 'n relatiewe affiliasie, eie identiteit, 'n persoonlike betrokkenheid, besondere belang= stelling en algemene lojaliteit (Larson, 1977:xi).

Die elemente wat in die ideale professie vervat is, blyk ontleen te wees aan die praktyk en ideologie van gevestigde professies (Larson, 1977:xi). In die verband noem McGlothlin (1964:3) sewe kriteria:

- 'n professie het 'n intellektuele onderbou en moet die verant= woordelikheid aanvaar om keuses en oordele korrek uit te voer;

- 'n professie impliseer geleerdheid, want dit is gebaseer op 'n groot hoeveelheid kennis wat oor baie jare ontwikkel is en wat oordraagbaar is aan studente wat die professie wil betree;
- 'n professie is prakties, aangesien die kennis waarop dit gebou is, toegepas kan word om menslike probleme op te los;
- 'n professie beskik ook oor tegnieke en vaardighede wat aangeleer kan word en wat dien as die meganismes waardeur die kennis toegepas kan word;
- 'n professie is georganiseer in verenigings of professio= nele groepe om 'n verskeidenheid professionele redes, insluitende dit wat die opleiding en toelating van studente reguleer;
- 'n professie word gerig deur onbaatsugtigheid en die doel daarvan is om die mensdom te bevoordeel;
- 'n professie hanteer sake van groot dringendheid en bete= kenis.

Omdat hy oor 'n besondere bekwaamheid beskik, laat die gemeen= skap die professionele man toe om 'n monopolie oor sy diens te hê. Slegs diegene wat oor die besondere vaardighede en kennis beskik, word toegelaat om die beroep te beoefen. Hierdie monopolie beoog om onbekwames te verhinder en te verbied om die publiek in gevaar te stel en as gevolg van onbekwaamheid twyfel oor die beroep te laat ontstaan.

Verder beskerm die monopolie ook mense met hoë kwalifikasies, sodra hulle tot 'n professie toegelaat is, teen ongewensde indringing. Sonder hierdie beskerming is dit moeilik om

te funksioneer aangesien die professionele persoon andersins met mense moet kompeteer wat oor minder vaardighede en 'n skamele opleiding beskik. Hy moet teen onopgeleide mededing= ers beskerm word (McGlothlin, 1964:3).

Besondere eienskappe waaroor 'n individu beskik en die mate waarin hy daaroor beskik, bepaal waar hy inpas op die indivi= duele professionele continuum. Hierdie eienskappe is:

- algemene, sistematiese kennis;
- gesag oor kliënte;
- gemeenskapsbelang eerder as eie belang (wat verwant is aan simboliese eerder as monetêre beloning);
- lidmaatskap aan beroepsverenigings en opleiding in be= roepskole;
- erkenning deur die publiek dat hy professioneel is;
- betrokkenheid in die beroepskulture (Ritzer, 1971:62).

Verskeie beroepsgroepe in die moderne samelewing het spesiale bekwaamhede, maar dit word nie as professies erken nie. Sosioloë poog reeds geruime tyd om onderskeid te maak tussen beroepe (occupations) en professies. Alhoewel verskeie pogings deur die sosioloë gemaak is, beweer McGlothlin (1964: 3) dat veel meer beskrywings en besprekings nodig is om doeltreffend tussen die twee begrippe te onderskei. Larson (1977:xi) wys daarop dat kundiges meen dat die huidige vraag nie is of beroepe aan die vereistes van professies voldoen nie, maar of die eienskappe van professionalisering daarin gevind kan word.

Professionalisering is 'n poging van die mensdom om op die terrein van die beroepslewe orde te skep. Hierdie beroepslewe kan 'n gemeenskap wat voortdurende verandering ondergaan, maklik ten prooi val. 'n Gemeenskap wat dikwels groot, wisselend en gedifferensieer is en waarin wisselvallige en disorganiserende tendense voorkom.

Professionalisering poog:

- om gedragsreëls neer te lê,
- om 'n sin vir verantwoordelikheid te ontwikkel,
- om sekere kriteria vir werwing en opleiding vas te stel,
- om 'n mate van beskerming vir lede te verseker,
- om kollektiewe beheer oor die besondere gebied in te stel en
- om die besondere beroep of gebied tot 'n posisie van waardigheid en sosiale status in die gemeenskap te verhef (Blumer, 1966:iv).

In die verband beweer Stokvis (1979:140) dat op die gebied van die beroepsarbeid die term "professioneel", ook oor die algemeen betrekking het op mense wat beroepe met 'n hoë status beoefen soos byvoorbeeld geneeshere of advokate. In hierdie verband word professionalisering beskou as 'n uiting van die strewe van mense wat dieselfde beroep beoefen om die aansien van die beroep te verhoog.

3.1.2 Sportsosiologiese oogpunt

Op sportgebied word die term professionalisering nie gebruik in verband met die strewe van sportbeoefenaars om die aansien van beroepsport te verhoog nie. In die verband het die

term betrekking op die oorgang van onbetaalde na betaalde sportbeoefening (Stokvis, 1979:140).

Aanvanklik het dieselfde standverskille gedurende die agtien= de en negentiende eeue op sportgebied bestaan as wat in die begin by sommige beroepsgroepe voorgekom het. Sportbe= oefenaars uit die laer stande het dikwels mense van hoër stand teen betaling in sport onderrig. Hulle is ook deur aristokrate wat spanne vir geld teen mekaar laat speel het, gehuur. Op sportgebied het egter geen vermenging van die sportbeoefenaars, soos by verskillende beroepe die geval was, plaasgevind nie. Die invoering van amateurbepalings het eerder gelei tot 'n groter onderskeid tussen sportbeoe= fenaars uit die verskillende sosiale vlakke.

Mense uit die hoër stand kon sport vir eie genot beoefen, terwyl die laer stande geld met sport wou en moes verdien en op hierdie terrein het professionalisme iets vir mense uit die laer stand gebly. Die oorgang van amateurisme na professio= nalisme is geassosieer met die inskakeling by mense van 'n laer stand. Op sportgebied het gelykskakelende instellings soos skole nie bestaan nie (Stokvis, 1979:142).

Die feit dat by die begin van die ontwikkeling van moderne sportorganisasies nie opleidingsinstitute opgerig is soos by verskeie beroepe nie, beteken egter nie dat op sportgebied nie ook die strewe bestaan het om die bekwaamhede van die sportbeoefenaars te verbeter nie. Ontwikkeling met betrekking tot maniere waarop na verbetering van sportprestasies gestreef word, kan geïnterpreteer word as 'n professionaliseringsproses.

Die term professionalisering het in die geval betrekking op die toepassing van rasioneel wetenskaplike denke en die toepassing van gefundeerde metodes en tegnieke op nuwe terrei= ne van die samelewing (Stokvis, 1979:142).

Die term "professionalisme" het op sportgebied ook 'n ander betekenis as in die gewone beroepsveld. Wanneer iemand in die gewone beroepswêreld professioneel optree, word daar= mee verstaan dat hy vanuit die norme en standaarde wat in sy beroep vervat is, oordeelkundig en korrek optree, volgens die eise wat in sy beroep aan hom gestel word. Vir die beoefening van sy beroep op besondere wyse kan hy vir sy professionele dienste besoldig word, maar sy professionalisme is gesetel in die kwaliteit van dienslewering eerder as die feit dat hy besoldig word.

Op sportgebied beteken "professionalisme" sportbeoefening waaruit die deelnemer regstreeks of onregstreeks geldelike of ander materiële voordeel bekom. Regstreeks kan dit in die vorm van 'n honorarium, 'n aanwesigheidspremie, ander premies of ander materiële belonings wees. Onregstreeks kan die deelnemer deur die aanvaarding van skynfunksies, teen 'n beloning byvoorbeeld 'n foto of sy naam vir kommersiële doeleindes beskikbaar stel, of teen vergoeding buite sportver= band in die openbaar optree (Theys, 1968:5).

Met betrekking tot besoldiging vir dienste aan sport gelewer, hetsy as deelnemer of afrigter of enige van die ander wy= ses waarop diens gelewer kan word, kan genoem word dat dit wel deeglik besef word dat geld 'n krag tot motivering kan wees (Barnard, 1980:7). In verskeie behoeftes kan deur middel van geld voorsien word, soos byvoorbeeld fisiologiese-,

veiligheids-, sosiale- en egobehoeftes, sowel as die behoefte aan selfverwerkliking (Maslow, 1976:118-126).

Wanneer geld as motiveerder aangewend word, kom bepaalde probleme voor, onder andere:

- Die besoldiging van individue bring mee dat 'n neiging tot ontevredenheid by hulle aangetref word. Dit blyk duidelik wanneer so 'n persoon as gevolg van 'n goeie pres= tasie 'n verhoging in vergoeding verwag en dit nie toege= staan word nie.
- Werkgewers vind dit nodig om 'n billike en vergelykbare salaris te betaal, maar dit het nie tot gevolg dat werk= nemers gemotiveer is nie, alhoewel hulle ook nie ontevre= de is nie. Salarisvergelykings lei dikwels tot ontevre= denheid wanneer 'n individu byvoorbeeld reken dat hy te min betaal word. Dit is veral 'n belangrike faktor aange= sien die besoldiging as maatstaf dien om die waarde van 'n persoon te bepaal en dit gevolglik weer sy selfrespek en eiewaarde beïnvloed. Volgens Dalaba (1976:294) kan vergoeding mense motiveer mits vergoeding vir die betrokke individu belangrik is. Die individu kom onder die indruk dat meer vergoeding direk as gevolg van sy prestasie toegeken word en hy besef dat as hy sy doeltreffendheid verhoog dit tot groter prestasie sal lei.
- Geheime salarispraktyke lei tot groot ontevredenheid, ter= wyl salarisse wat nie geheim gehou word nie tot sterker mo= tivering en werkprestasie lei (Barnard, 1980:10).

Geld as motiveringsmiddel geniet voorkeur omdat:

- die gedrag van individue veral aantoon dat daar by hulle groot begeerte na geld bestaan;
- geld as instrument kan dien waardeur baie ander behoef=tes bevredig kan word en
- geld as 'n maklike wyse van aansporing beskou word (Barnard, 1980:11-12).

'n Belangrike motiveringsmiddel wat ook in sport aangetref word is die nasionale prestige wat met topprestasies gepaard gaan. Volgens Stokvis (1979:158) is hierdie strewe in die Oosbloklande vermoedelik belangriker as in die Westerse lande. In die verband beweer McClean (1976:20): "Many great honours are attainable in the Soviet system, none of which includes personal glory and fame for oneself alone. To represent the USSR whether as an ambassador or an athlete, a scientist or a dancer, is the first priority taught to Russian children".

Tog moet gemeld word dat die sportbeoefenaars in die Oos=bloklande aansienlike finansiële vergoeding ontvang (Stok=vis, 1979:158). Krüger (1980:106) het aangetoon dat dit teenstrydig met die Marksistiese ideologie, een van die sterkste motiveringsmiddele tot topprestasie is.

Wanneer professionalisme ter sprake kom, kan sport tans ook as 'n voltydse beroep beoefen word. Aanvanklik kom slegs die loopbaan van die sportdeelnemer ter sprake, maar in 'n gemeenskap met die nodige middele bestaan daar met die steeds groter differensiasie in sport, ook ander sportloopbane, soos byvoorbeeld die van die joernalis,

die afrigter, die onderwyser of die wetenskaplike (Luschen, 1973:358).

Verder beweer Heinilä (1973:352) in hierdie verband dat die totalisering en industrialisering van sport bydra tot die ontstaan van burokratiese organisasies met hiërar= giese strukture en uitgebreide personeelsamestellings, waarin kundiges soos afrigters, sportwetenskaplikes, sport= medici, bestuurders, spesialiste op die gebied van evalue= ring, werwing en skakelwerk opgeneem is.

Waar deelname en kompetisies voorheen die saak van die individu was is die totale poging van nasionale sportsis= teme tans betrokke. In die poging om prestasievlakke te verhoog is daar een gemeenskaplike faktor wat geld en dit is effektiwiteit. Dit impliseer die rasionalisering van sport ten einde maksimale prestasie te behaal sodat die algemene prestasievlakke met die oog op internasionale standaarde,verhoog kan word.

Op die kulturele vlak van sport manifesteer die nuwe pres= tasiegeöriënteerdheid sigself op verskillende terreine, soos byvoorbeeld

- in die devaluasie van ideologiese sportwaardes;
- in die opblaas van die amateurideologie en etiese aspek= te as imperatiewe norme; en
- in die feit dat die amptelike ideologie van amateur= sport nie met die werklikheid rekening hou nie.

Dit kom voor in die mate wat die algemeen aanvaarde sport=ideale en -norme inmeng met die strewe om te voldoen aan die eise van hoër prestasievlakke (Heinilä, 1973:352).

Heinilä (1973:352) beweer verder in hierdie verband: "According to this new technocratic kind of morality, the issues in sport which really count, are success and complete devotion to the pursuit of this goal and records, no matter what the means and costs may be". Hierdie nuwe moraliteit in sport het veral tot gevolg dat alle pogings, hervormings, bronne en selfs die wetenskaplike pogings in diens gestel word van rekords en prestasies, met die gevolg dat aspekte soos etiek, opvoeding of ideologie wat dié pogings kan teengaan of verswak, óf opsy geskuif óf heeltemal uitgeskakel word.

Hierdie siening van sport wat die klem alleen op prestasie en sukses plaas, veroorsaak 'n dilemma vir diegene wat by die sportgebeure betrokke is. In teenstelling met 'n professionele optrede deur iemand wat met integriteit en waardigheid optree, word deelnemers en ook afrigters gedwing om die wenmotief voorop te stel. Dit lei tot uitspraak soos weergegee deur Edwards (1973:137): "Winning isn't everything. It's the only thing" in teenstelling met die siening van Martens et al. (1981:5) wat beweer dat die wil om te wen in perspektief gesien moet word en die sportman eerste gestel moet word: "Athletes First, Winning Second".

Stokvis (1979:145) beweer dat professionalisering op sport=gebied 'n lang tyd beteken het dat sportlui, veral by inter=nasionale wedstryde en kompetisies, by mekaar geleer het.

Nuwe metodes, tegnieke en taktieke is deur oorspronklike en talentvolle sportbeoefenaars en afrigters ontwikkel. Indien hierdie ontwikkelinge op internasionale gebied geslaag het, is dit deur andere nagevolg. Dit is tans nog 'n belangrike aspek vir die professionaliseringsproses. Internasionale sportgebeure kan wat die tegniese vernuwings betref, vergelyk word met wetenskaplike kongresse waar kundiges in die geleentheid gestel word om op hoogte te kom van die nuutste bewegingstegnieke en apparatuur op 'n besondere gebied.

Die strewe om die prestasies van topsportdeelnemers deur middel van 'n sistematiese wetenskaplike sportbenadering en deur toenemende spesialisering te verbeter, kom nie slegs tot uiting in die soeke na middele wat direk vir prestasieverbetering aangewend kan word nie, maar ook in belangrike organisatoriese aanpassings wat gemaak kan word. In die verband probeer sportorganisasies om deur die samestelling van oefengroepe wat op 'n sentrale plek onder leiding van kundige afrigters oefen, talentvolle sportdeelnemers soveel moontlik te stimuleer. Die toenemen= de internasionale kompetisies lei nie alleen tot die daar= stelling van nasionale oefenkampe nie, maar ook tot baie meer tyd wat oor die algemeen aan inoefening bestee word (Stokvis, 1979:148-149).

Ter aanvulling hierby kan ook genoem word dat professiona= lisering vermeerder deur die versnelde pogings om sukses in internasionale kompetisies te bereik (pogings tot presta= sieverbetering) en dat dit vroeër of later die gaping wat reeds tussen professionele en sogenaamde amateursport begin

vernou het, heeltemal sal uitwis (Heinilä, 1973:355). Heinilä verwys dat dit in die toekoms nodig mag wees om die internasionale sporttoneel te reorganiseer en te differensieer in multi- en/of bilaterale sisteme van deelnemers, wat as gevolg van gelyke geleenthede vir voorbereiding en deelname, almal eweveel kans op sukses het.

So 'n georganiseerde en gedifferensieerde deelnamesisteem sal egter nie in die praktyk geregverdig kan word nie. In topprestasiesport gaan dit nie om verskillende vlakke van prestasie nie, maar wel om die beste prestasies wat sportdeelnemers in bepaalde sportsoorte kan behaal.

Samevattend word enkele aspekte rakende professionalisering uitgelig:

- Professies geniet erkenning in die gemeenskap op grond van besondere kennis oor bepaalde sake waaroor diegene wat hulle beoefen, beskik. Hierdie sake hou verband met die behoeftes en waardes van die sosiale sisteem.
- Diegene wat professies beoefen is gebind tot dienslewering aan die gemeenskap.
- Professies het hulle beslag gekry as gevolg van die behoefte aan spesiale dienste in die gemeenskap.
- Professionele optrede in die gewone beroepslewe beteken dat 'n persoon vanuit die norme en standaarde wat in sy beroep vervat is, oordeelkundig en korrek optree. Hy doen dit volgens die eise wat in sy beroep aan hom gestel word.
- Professionalisme op sportgebied beteken oor die algemeen dat 'n deelnemer regstreeks of onregstreeks geldelike

of ander materiële voordele deur sportbeoefening bekom.

- Geld dien as motiveringsmiddel vir hoër prestasie, maar dit is nie die enigste wyse van motivering nie.
- Die klem wat op sukses en prestasie geplaas word, tesame met die finansiële implikasies daaraan verbonde, lei tot 'n skeeftrek van sportwaardes. Dit veroorsaak 'n dilemma vir die sportafrigter.
- Professionalisering beteken ook dat sportlui na verbetering van prestasies streef en dat hulle by mekaar en ander kundiges leer.
- Die begrip "professionalisering" in die onderhawige studie dra die betekenis van die woord soos dit op die terrein van die gewone beroepsarbeid ontwikkel het. Dit beteken dus nie slegs dat sportafrigting teen besoldiging waarge= neem word nie (alhoewel dit 'n uitvloeisel van professiona= lisering kan wees) maar met die professionalisering van sportafrigting word gepoog om die aansien van sportaf= rigting as beroep op deeltydse en voltydse vlak te verhoog. Verder beteken professionalisering ook dat sekere norme en standaarde met betrekking tot relatiewe aspekte soos kontrole, opleiding, afrigtingsgeleenthede, beroepsbe= skerming en beroepsekuriteit vasgestel en gehandhaaf word.

## 3.2 AMATEURISME

Aansluitend by die begrip "professionalisme" word gedagtes met betrekking tot amateurisme toegelig. Professionele en amateursportlui verskil wat hulle behoeftes, verwagtinge, doelstellings en opdragte betref (Weiss, 1969:209).

- die een werk vir geld die ander speel as deel van 'n avontuur;
- die een voer 'n taak uit wat sy werkgewers sal bevredig, terwyl die ander een speel om by te dra tot 'n goeie spel;
- die opdrag en taak van die professionele speler is om ander en homself deur middel van oorwinning tevrede te stel, terwyl dit die taak van die amateur is om tydens die wedstryd goed te speel;
- die doelstelling van die een is ekonomiese sekuriteit en bevordering, terwyl die ander sy eie ontwikkeling eerder nastreef.

Volgens Theys (1968:58) is 'n amateur 'n sportbeoefenaar wat sport as 'n stokperdjie uit eie keuse, as ontspanning en om die tyd te verwyl, beoefen. Dit is ook iemand wat genot put uit die spelelement in sport en ook daarin om sy kragte tot die uiterste in te span. Sy strewe is in elk geval nie om regstreekse of indirekte geldelike of ander materiële voordele daaruit te verkry nie. Volgens Theys (1968:58) is dit verder moontlik dat 'n amateur ten opsigte van reis- en verblyfkostes vergoed kan word, terwyl hy ook vergoed kan word vir die tyd wat hy aan die sportak=tiwiteit deelneem en sy beroep nie kan beoefen nie.

Dit is ook moontlik dat 'n betrokke sportorganisasie 'n onge=valleversekering vir die amateurdeelnemer kan uitneem.

Volgens reël 26 van die Internasionale Olimpiese Komitee (IOK)(1983:17) is 'n amateur iemand wat 'n normale beroep beoefen wat sy teenwoordige en toekomstige leeftog verseker, wat nog nooit enige vergoeding vir deelname aan sport

ontvang het nie, wat die reëls van die betrokke interna= sionale federasie nakom en wat hom hou by die amptelike interpretasie van hierdie regulasies. In die reëls van die Internasionale Olimpiese Komitee word pseudo-amateurs ook genoem. Dit is persone wat deur regerings, opvoedkundige inrigtings en sakeondernemings gesubsideer word. Hulle word deur die IOK nie as amateurs beskou nie. Die amateur= reëls word geweld aangedoen wanneer sportmanne vir reklame= doeleindes gebruik word, of wanneer individue beroepe beoefen waar hulle nie beroepsgebonde is nie en te eniger tyd en net solank as hulle wil, kan oefen.

Mulder (1980:236) praat van amateursport wanneer die deelne= mer geen geldelike beloning vir sy sportprestasies ontvang nie en van semi-beroepsport wanneer die deelnemer wel geldelike beloning ontvang.

Botha (1978:40) beweer dat die skeidslyn tussen amateur- en beroepsport dikwels vervaag en dat oorvleueling tussen hierdie twee vertakkinge plaasvind. Tussen hierdie twee wyses van sportbeoefening is daar 'n soort niemandsland. Volgens Stokvis (1979:157) neem die aandrang tot die verrui= ming van die amateurbepalings voortdurend toe. Dit beteken dat die amateurreëls afgewater word en dat feitlik die hele sfeer van kompetisiesport by die genoemde niemandsland inskakel (Botha, 1978:40).

Stokvis (1979:158) beweer verder dat die bepalinge waarop amateurisme berus, reeds sover verruim is dat dit moontlik geword het vir sportlui om sonder ander inkomste as die wat hulle vir hulle sportdeelname ontvang, in hulle lewens=

onderhoud te voorsien. Topsportbeoefening van amateurs het nou beroepskenmerke verkry. Beroepsmatigheid van topsportbeoefening is veral geleë in die groot aantal ure wat die sportlui aan hulle sport bestee, die finansiële vergoeding wat 'n aantal van hulle daarvoor ontvang en die toenemende rasionalisering van die voorbereiding ten einde topprestasies te behaal. Volgens Botha (1978:41) bestaan daar met betrekking tot internasionale sport nouliks regverdiging vir die term "amateurisme". Dat slegs amateurisme vir deelnemers aan die Olimpiese Spele behoort te geld, word nie nagevolg nie. Die IOK erken die amateurregulasies van geaffillieerde internasionale liggame. Laasgenoemde weerspieël egter uiteenlopende begrippe oor amateurisme.

Die interpretasie van amateurisme verskil selfs by die verskillende sportsoorte in dieselfde land. Sportsoorte soos amateurtennis en -krieket sal byvoorbeeld volgens die IOK se regulasies as beroepsportsoorte geklassifiseer word (Botha, 1978:41). Die amateurkode word daarenteen by atletiek selfs tot die afrigters deurgetrek, met die gevolg dat ook hulle nie vir hulle dienste besoldig mag word nie (Rautenbach, 1983).

'n Duidelike verskil met betrekking tot die betekenis van die term amateurisme word veral tussen Oosterse en Westerse lande aangetref. Atlete uit die Oosbloklande wat sport voltyds beoefen, wat in die proses kosteloos aan die beste afrigting blootgestel word en wat op topsportvlak aansienlike finansiële belonings ontvang, word byvoorbeeld as amateurs (staatsamateurs) beskou. Stokvis (1979: 158) beweer verder dat dit juis hierdie siening van die

Oosterse lande is wat topsportbeoefening onder die gesag van amateursportorganisasies hou en solank as wat die Oosbloklande by die IOK geaffilieer bly, sal die sportbe= oefening op die hoogste vlak deur die amateurorganisasies georganiseer word. Kommersiële sportorganisasies rym in elk geval nie met die kommunistiese ideologie nie.

Ten einde dus topsportlui in Westerse lande gelyke deelname= geleenthede as topsportlui in die Oosterse lande te laat toekom, sal hulle binne die amateurorganisasie finansieël so gesteun moet word dat hulle hul sonder bekommernis oor hul lewensonderhoud volledig aan hulle sport kan wy (Stokvis, 1979:138).

Stokvis (1979:158) erken dat in hierdie siening van hom op die gebied van internasionale sport, van die oorspronk= like betekenis van die woord amateurisme (gesien as nie-betaalde sportbeoefening) min oorgebly het. Dit is egter 'n wyse waarop amateurorganisasies hulle, danksy die inter= nasionale situasie, kan handhaaf.

Ten slotte word die siening van Botha (1979:41) in dié verband weergegee: "Die teenswoordige opvatting oor amateu= risme is totaal onrealisties. Die ou amateurideologie is uitgedoof en 'n realistiese herwaardering van die amateur= konsep is so nodig soos nog nooit tevore nie".

In sommige kringe beteken die term "amateur" dat die indivi= du nie heeltemal vir sy taak opgewasse is nie en as gevolg van sy deeltydse betrokkenheid by sport ook nie oor dieselfde bekwaamhede as die professionele sportbeoefenaar beskik

nie. In hierdie verband word die professionele sportbeoefe= naar beskou as iemand wat werklik alles weet aangaande sy besondere sportsoort. Hierdie breër onderskeiding tus= sen amateur en professioneel kring veral wyer uit wanneer organisasie en sportafrigting ter sprake kom. In die ver= band het dit duidelik geword dat van voltydse professionele persone in sportadministrasie en sportafrigting gebruik gemaak moet word (Rea et al., 1969:11).

Uit die voorafgaande bespreking kan afgelei word dat die begrip amateurisme deur verskillende persone en instansies uiteenlopend geïnterpreteer word.

Dit lei daartoe dat die onderskeid tussen amateur- en profes= sionele sport in die praktyk vervaag.

Selfs reël 26 van die Internasionale Olimpiese Komitee (IOK) wat .oor amateurisme handel, gee nie duidelikheid nie,aangesien dit ook uiteenlopend vertolk word.

- Sportlui wat byvoorbeeld niks anders doen as om sport te beoefen nie, soos onder andere in die Oosbloklande, ding mee teen sportlui wat wel normale beroepe beoefen.
- Talle deelnemers aan die Olimpiese Spele en aan ander topsportkompetisies ontvang finansiële vergoeding vir hulle sportdienste (p.73).

Volgens Theys (1968:78) is vergoeding vir bepaalde onkostes wel geregverdig. Die Internasionale Atletiekfederasie (IAAF) maak verder byvoorbeeld daarvoor voorsiening dat atlete behalwe vir verblyf- en reiskostes, onderrig en

professionele afrigting, ook deelnemersgeld, aansporingsgeld en prysgeld kan ontvang (IAAF, 1983:55-58). 'n Vasgestelde bedrag word in kontant aan die atlete betaal, terwyl die res in 'n trustfonds gedeponeer word. Die atlete wat op hierdie wyses finansiële voordeel uit hulle deelname trek, kwalifiseer egter om vir Olimpiese deelname gekies te word.

- Die begrip "amateurisme" word verder ook deur verskillende internasionale verenigings uiteenlopend vertolk (p.73) sodat hierdie IOK-bepaling ook nie gelyke voordele vir alle deelnemers verseker nie.

Sportlui wat op nasionale en internasionale vlak om topsport deelneem, sal dus selfs in die sogenaamde amateurorganisasies in dermate finansieel gesteun moet word dat hulle wel die nodige aandag en tyd aan hulle sportbeoefening kan afstaan. Dit impliseer nie dat sportbeoefening 'n voltydse beroep hoef te wees nie, maar dat die sportdeelnemer finansieel vergoed moet word vir die tye wat hy sy sport beoefen en nie 'n normale beroep voltyds of deeltyds kan beoefen nie.

Inderdaad moet erken word dat die ou amateurideologie in die hedendaagse sportwêreld uitgedoof is (Botha, 1979:41). As sportlui egter die voordele wat ontwikkelinge op weten=skaplike en tegnologiese gebied aan sport bied, doeltreffend wil benut, moet hulle meer tyd en aandag as vroeër aan hulle sportbeoefening bestee. Om dit te kan doen sal op realistiese wyse in hulle finansiële behoeftes voorsien moet word. Indien dit nie gebeur nie, sal "amateur" inder=daad beteken dat die sportdeelnemer nie werklik opgewasse vir sy taak is nie.

Omdat geld 'n faktor in sport geword het, het die kommersiali=sering van sport algaande begin plaasvind.

## 3.3 DIE KOMMERSIALISERING VAN SPORT

Die strewe na prestasieverbetering en die toenemende aantal internasionale sportgeleenthede het finansiële implikasies vir sport meegebring, met die gevolg dat die amateurbepalinge voortdurend verruim moes word. Dit het ook meegebring dat die sportorganisasies om finansiële steun almeer van die privaatsektor en owerheidsinstansies afhanklik geword het. Verder het die toenemende belangstelling van die publiek in sport ook die moontlikhede vir die beoefening van beroep=sport laat toeneem. In die ontwikkeling van haas elke sport=soort kom 'n tydstip waarop sy "verkoopbaarheid" handelslui interesseer (Theys, 1968: 78 ). Sekere amateurorganisasies is as gevolg van mededinging vanaf die kant van beroepsport=verenigings gedwing om die amateurbepalinge te verruim. Die "nuwe" amateurreëls het dit byvoorbeeld moontlik gemaak dat sport- en liggaamlike opvoedkundiges ook aan amateurwed=stryde mag deelneem, dat atlete nie alleen vir hulle reis- en verblyfkostes en loonsverlies (as gevolg van sportdeelna=me) vergoed word nie, maar dat hulle ook sakgeld kon ontvang, versekering kan aangaan, sportklere en -toerusting kan ontvang, gratis mediese- en fisioterapeutiese behandeling kon ontvang en nie nodig het om vir die dienste van beroepsafrigters te betaal nie.

Die moontlikhede vir die gebruik van sportaktiwiteite vir kommersiële doeleindes het toegeneem en alhoewel die indivi=duele amateursportbeoefenaars nie direkte finansiële voor=

deel uit hulle sportprestasies kon put nie, is dit wel aan die sportorganisasies toegestaan. Nasionale en internasio= nale sportorganisasies kon met instansies in die privaatsek= tore kontrakte aangaan om teen betaling reklame vir 'n beson= dere bedryf te maak. As uitvloeisel van dergelike kontrakte het dit soms gebeur dat die name of afbeeldings van individue= le sportlui vir reklamedoeleindes gebruik kon word. Dit is toelaatbaar vir die Internasionale Olimpiese Komitee en die internasionale sportorganisasies om goedgekeurde advertensies op kledingstukke en apparaat aan te bring.

Wanneer die moderne amateurbepalinge in oënskou geneem word, blyk dit dat dit moontlik is dat amateursportdeelnemers sonder besorgdheid oor hulle lewensonderhoud, hulle sport kan beoefen. Dit behoort egter slegs deur die sportorganisa= sies gedoen te word, terwyl die sportlui self nie op indivi= duele basis binne die amateurkode ooreenkomste kan aangaan waaruit hulle materiële voordeel kan trek nie.

As gevolg van hierdie regulering van die finansiering van internasionale en nasionale sport, verloor die sportorganisa= sies in 'n mate hulle outonomie teenoor die borge, maar hulle behou die reg om die organisasie van die deelnamegeleenthede en die deelnemers te behartig. So bly amateurisme formeel "gehandhaaf".

Die kommersialisering van sport kom in verskillende vorme voor. Een daarvan is die stigting van kommersiële sportor= ganisasies. In sommige sportsoorte bestaan amateur- en kommersiële sportorganisasies, byvoorbeeld ysskaats en sokker terwyl in ander sportsoorte óf amateur, byvoorbeeld hokkie, óf kommersiële organisasies byvoorbeeld tennis, bestaan

(Stokvis, 1979:150). Wanneer beide organisasies in 'n sport=soort bestaan, gebeur dit in gevalle waar die beroepsport=beoefening suksesvol is, dat amateurliggame van hulle beste deelnemers verloor. Aangesien topsportbeoefening tans nog deur amateurorganisasies gereël word, beteken dit dan dat van die beste sportlui nie vir internasionale kompe=tisies in sekere sportsoorte beskikbaar is nie. In amateur=toernooie vaar sommige Oosbloklande byvoorbeeld goed in vergelyking met Westerse spanne, maar in beroepstoernooie vaar Westerse sportlui weer veel beter (Stokvis, 1979:154).

In die Kommunistiese ideologie is daar geen bestaansreg vir kommersiële sportorganisasies nie en gevolglik is die beste sportlui deurgaans vir internasionale kompetisies beskikbaar (Stokvis, 1979:158).

Kommersialisering op sportgebied vind ook plaas as gevolg van die strewe na prestasieverbetering. Die amateurorganisa=sies word gedwing om fondse te bekom ten einde sportlui te vergoed vir loonverlies (tydens deelname), oefenkampe, mediese en fisioterapeutiese behandeling en reis- en verblyf=kostes tydens internasionale kompetisies.

Volgens Stokvis (1979:155) kàn fondse bekom word uit affilia=siegelde, maar ander bronne van finansiering moet ook ontgin word ten eidne internasionale wedstryde moontlik te maak. Die instelling van 'n sportlotery is in baie lande 'n ideale wyse van fondsinsameling omdat hulle op die wyse in 'n geringer mate van ander instansies afhanklik is. In Wes-Duitsland is die "Sporthlife" en in Engeland die "Sports Aid Foundation" deur belanghebbendes gestig. Met hierdie aksies hoop die betrokkenes om byvoorbeeld deur middel van funksies by

spesiale geleenthede en vir besondere persone, die uitgee van posseëls en kollektes, die middele te bekom om sportdeel=nemers finansieel te steun.

Terwyl internasionale organisasies oor die algemeen oor voldoende inkomstes uit verskillende oorde mag beskik en nie totaal van een borg afhanklik is nie, kan verenigings, byvoorbeeld nasionale sportliggame, wat op nasionale en inter=nasionale gebied 'n rol wil speel, so 'n situasie dikwels nie vermy nie. Die afhanklikheid word veral duidelik wanneer die borg sigself onttrek. Wanneer so 'n borg sy finansiële steun aan 'n sportsoort onttrek, kan dit gebeur dat 'n sport=soort wat verskeie jare as gevolg van topprestasies voortdu=rend op die voorgrond was, terugval in die geledere van wedstrydsport wat glad nie enige nuuswaarde het nie. In Nederland het dit byvoorbeeld met tennis, vlugbal, tafelten=nis en basketbal gebeur (Stokvis, 1979:156).

Uit die voorafgaande kan dus afgelei word dat die professiona=lisering van sport deur middel van die strewe na prestasie=verbetering en alles wat daarmee gepaard gaan, een van die faktore was wat gelei het tot die kommersialisering van sport. Aan die ander kant het die feit dat sport gekommer=sialiseer is, weer daartoe gelei dat geld vir die sportprak=tyk beskikbaar gestel is, sodat professionalisering verder kon plaasvind.

## 3.4 DIE SPORTAFRIGTINGSPRAKTYK

In 'n bespreking van die implikasies van professionalisering op die sportafrigtingspraktyk, word twee van die komponente wat die sportafrigtingspraktyk uitmaak, naamlik sportafrigting

en die sportafrigter, in die lig van geprofessionaliseerdheid gestel.

### 3.4.1 Sportafrigting

Die hedendaagse samelewing sonder sport is ondenkbaar. Derhalwe is sportafrigting ook 'n noodsaaklikheid; 'n aspek van sport waarop die deelnemer kan aanspraak maak en nie iets wat hom toevallig toekom nie. Hierdie siening word onder andere ook deur Martens et al. (1981:7) gehuldig.

In dié verband beweer Putter (1983:10) dat soos die instelling van reëls, die gebruik van 'n bepaalde speelveld en toerusting, asook liggaamlike inspanning en wedywering eie aan sport is, so is ook afrigting, beplanning en organisasie eie aan sport. Hy beklemtoon dat 'n lewenskragtige sportkultuur nie sonder afrigting, beplanning en organisasie moontlik is nie.

Die belangrikheid van sportafrigting word ook beklemtoon deur Pietersen (1961:26) wat beweer dat die mens eers die tegniek wat ten grondslag van egte spel lê, moet bemeester alvorens hy 'n bepaalde sportsoort sinvol sal kan beoefen. "De mens moet leren om te kunnen spelen" (Pietersen, 1961:27). Grupe (1979:100) wys daarop dat sport in wese onderrig, oefen en inoefening behels.

Die doel van afrigting is om die standaard van sportvernuf in 'n betrokke sportsoort te verbeter (Worthington, 1979:2). Effektiewe sportafrigting stel die sportman in staat om te presteer en sukses te behaal. 'n Wetenskaplike onderbou van die afrigtingspraktyk verseker dat die tegnies-taktiese

aspekte optimaal ontwikkel word (Botha,1981:3).


Dit is ook noodsaaklik dat die afrigtingspraktyk rakende die geestelike benadering van die sportman of -vrou, weten= skaplik gefundeer moet wees.

Alhoewel die onderrig en die beginsels van oefening en inoefe= ning wetenskaplik georiënteer kan wees en dit die sportbeoe= fenaar in staat stel om die doel van deelname te bereik, is dit belangrik om daarop te let dat eie motief en motivering ook belangrik is met betrekking tot die prestasie wat behaal wil word.

In sportafrigting kan tussen vier kategorieë onderskei word, naamlik psigologiese-, fisiese-, tegniese- en taktiese af= rigting. Volgens Matveyev (1977:30) het elkeen van hierdie kategorieë komponente wat verband hou met die algemene sowel as die besondere afrigting van die sportdeelnemer.

Algemene afrigting konsentreer op basiese vereistes wat nodig is om in 'n bepaalde sportsoort te kan presteer, soos die ontwikkeling van algemene uithouvermoë, spoed, krag en ratsheid. Spesifieke afrigting het weer betrekking op spesialisering in 'n bepaalde sportsoort en daar word gekon= sentreer op die besondere vereistes van die betrokke sport= soort.

Butenko (1972:435) het 'n skema saamgestel (Figuur 1) om die verskillende aspekte waarmee 'n sportafrigter in die praktyk rekening moet hou uit te beeld. Dit geld veral vir die afrigting van topsportlui, maar sal in 'n aangepaste vorm ook vir ander vlakke van afrigting gebruik kan word.




P = PROGNOSE
O = ONTWIKKELING
U = UITHOUVERMOË
V = VORMING

FIGUUR 1. SKEMA VAN LEIDING EN BEGELEIDING VIR TOPSPORTAFRIGTING VOLGENS BUTENKO (1972 : 43)

Die aspekte wat ingesluit word handel oor organisasie, prog= nose, beplanning en belasting in die afrigtingsprogram. Die reeds genoemde vier kategorieë van die inhoudelike van sportafrigting figureer ook in hierdie skema, maar verder word al die ander fasette van sportafrigting, wat deur die sportafrigter in gedagte gehou moet word, uitgebeeld. Hieron= der kan die volgende genoem word:

- kompetisies in die gevalle waar dit as inoefening gebruik word;

- die gebruik van bepaalde eksterne faktore wat inoefening en kompetisie aanvul en die herstelproses na oorlading versnel, soos byvoorbeeld fisioterapie en bepaalde mediese middele;
- die kontrole van afrigtingsopdragte;
- die toepassing van die bewegingswette en opvoedkundige beginsels;
- individuele faktore soos byvoorbeeld die besondere aard en omstandighede van die sportdeelnemer; en
- eksterne faktore soos byvoorbeeld oefengeriewe en die tyd wat vir inoefening beskikbaar is.

Die besondere middele en metodes van sportafrigting word gevind in 'n sisteem van oefeninge. Kompetisies en addisio= nele faktore wat die effek van inoefening intensiveer of die herstel van fisieke vermoë versnel, word ook in die sportafrigtingsisteem ingesluit(Matveyev, 1977:32).

Dit skyn 'n logiese gevolgtrekking te wees dat in 'n geprofes= sionaliseerde sportafrigtingspraktyk, die sportafrigter

met al die faktore wat 'n rol speel by die prestasie van 'n atleet, rekening sal hou.

Benewens die feit dat die inhoud van sportafrigting aan al die eise van (top)sportdeelname moet voldoen, is dit ook belangrik dat die aanbieding daarvan volgens erkende afrigtingsbeginsels moet geskied. Dit moet wetenskaplik gefundeer wees en die vaardigheid en bekwaamheid van die sportafrigter ondersteun (Worthington, 1979:17).

Die sportafrigter moet voortdurend hierdie beginsels in die beplanning en organisasie van sy afrigtingspraktyk in gedagte hou. Hieronder word byvoorbeeld welbekende didaktie=se beginsels, beginsels van die metodologie van Liggaamlike Opvoedkunde, algemene afrigtingsbeginsels, fisiologiese beginsels en biomeganiese beginsels aangetref.

i) Didaktiese beginsels

Belangrike algemene didaktiese beginsels wat ook vir sportafrigting belangrik is, is onder andere:

- dat individuele ouderdomsverskille in gedagte gehou moet word,
- dat die benadering en aanbieding sistematies moet wees,
- dat die waarnemings- en aktiwiteitsbeginsel noodsaak=lik is (Matveyev, 1977:61).

ii) Beginsels van die metodologie van die Liggaamlike Opvoed=kunde

Beginsels wat onder andere by die metodologie van lig=gaamlike opvoedkunde vir die aanleer van motoriese

vaardighede van belang is en wat ook na die sportaf=rigtingspraktyk deurgevoer kan word is byvoorbeeld:

- dat alle leerlinge nie vaardighede op dieselfde manier aanleer nie en dat 'n verskeidenheid onderrig=metodes dus gebruik moet word.
- dat elke individu sy eie moontlikhede en beperkinge het;
- dat spelers in homogene groepe ingedeel moet word as die beste resultate bereik wil word; en
- dat foute vroeg in die leerproses reggestel moet word (Vannier et al., 1964:50).

iii) Algemene afrigtingsbeginsels

Uit die sportafrigtingspraktyk is daar ook besondere geldende beginsels. Matveyev (1977:64-65) onderskei in hierdie verband drie beginsels wat as riglyne gebruik moet word om die afrigtingsbenadering van die sportaf=rigter te bepaal, naamlik:

- Die beginsel van maksimale individuele prestasie. Die sosiale en opvoedkundige doelstelling van sport word verwesenlik wanneer 'n sportman sy moontlikhede ten volle ontwikkel het en dié prestasies behaal wat binne sy bereik is.
- Die beginsel van sportspesialisasie. Volgens hierdie beginsel is dit noodsaaklik dat tyd en kragte aan die beoefening van een gekose sportsoort gewy moet word, indien die bereiking van topprestasies nage=streef word. Ten einde topprestasies te behaal moet die algemene en intensiewe voorbereiding dus

gekorreleer word.

- Die beginsel van individualisasie. Sportspesialisa= sie kan slegs geslaag wees, wanneer die aktiwiteite wat beoefen word aanpas by die atleet se moontlikhede. Indien dit nie die geval is nie, mag dit wees dat al die voorbereiding en inoefening nie topprestasies tot gevolg het nie. Dit het dikwels frustrasie, ontnugtering en die vroeë staking van die sport tot gevolg. Hieruit kan afgelei word hoe belangrik tydige diagnose met betrekking tot 'n individu se sportmoontlikhede is.

iv) Fisiologiese afrigtingsbeginsels

Vir die sportafrigtingspraktyk is bepaalde fisiologiese beginsels ook van besondere belang.

Hierdie beginsels moet nagekom word om te verseker dat die sportdeelnemer reëlmatige vordering toon en dat die risiko van siektes en beserings sover moontlik uitgeskakel kan word. Dit is belangrik om te onthou dat die menslike liggaam eers in die laat tienderjare of vroeë twintigerjare volgroeid is, dat die groeiproses 'n aansienlike hoeveelheid energie en rus vereis en dat sport moet bydra tot ontwikkeling en dit nie moet benadeel of verhinder nie (Martens et al., 1981:113).

Die volgende fisiologiese beginsels van afrigting word vervolgens toeligtend aangebied (Martens et al., 1981:113-118).

- Die beginsel van individuele reaksie. Individue reageer verskillend op dieselfde afrigting as gevolg van verskille met betrekking tot oorerwing, rypheid, voeding, rus en slaap, fiksheidstandaard, gemoti= veerdheid, omgewingsfaktore en siekte of besering.

- Die aanpassingsbeginsel. Hierdie aanpassings sluit verbeterde hartfunksie, bloedsomloop en respirasie in; verbeterde spieruithouvermoë en krag; en sterker tendons, ligamente en bindweefsel.

- Die oorladingsbeginsel. Indien verbetering nagestreef word, moet bepaalde eise voortdurend aan die liggaam gestel word. Die mate van verbetering is verwant aan drie faktore, naamlik gereeldheid, intensiteit en tydsduur.

- Die vorderingsbeginsel. Die snelheid van vordering moet aanpas by die veranderinge in die liggaam self.

- Die spesifisiteitsbeginsel. Die tipe afrigting moet verband hou met die resultate wat bereik wil word. Bepaalde afrigting lei dus tot besondere resultate.

- Die beginsel van afwisseling. 'n Afrigtingsprogram moet afgewissel word sodat verveling uitgeskakel en resultate bereik kan word. Twee basiese konsepte is hier belangrik naamlik:
  Werk/Rus ... en ... Moeilik/Maklik.

- Die beginsel van opwarming en afkoeling.

- Die omkeerbaarheidsbeginsel. Die meeste van die liggaam se aanpassings as gevolg van harde inoefening, is omkeerbaar. Fiksheid en krag neem byvoorbeeld af as met inoefening opgehou word.

In die samestelling van inoefeningsprogramme moet bogenoemde nege beginsels altyd in gedagte gehou word.

v) Biomeganiese afrigtingsbeginsels

Korrekte benutting van die fisiese wette kan ook 'n rol by die prestasie van 'n sportman speel (Van Schalkwyk, 1982:1). Dikwels vind 'n beweging vanself volgens die fisiese wette plaas en word gevolglik suksesvol uitge= voer. So 'n sportman kan byvoorbeeld verder spring, 'n bal verder skop, met minder inspanning vinniger hard= loop of swem, of 'n voorwerp met groter gemak gooi of vang, as wat andersins die geval sou wees (Bunn, 1972: 3).

Wanneer 'n individu egter tydens die uitvoering van 'n beweging die teenoorgestelde doen as wat volgens die fisiese wette korrek is en as gevolg daarvan nie optimumprestasie behaal nie, moet die afrigter die foute, met inagneming van sekere biomeganiese beginsels, probeer regstel. Die basiese beginsels kan onder bepaal= de begrippe, wat hulle funksie aandui, saamgevat word, naamlik ewewig, beweging en mag. Die wyse waarop mag op 'n voorwerp toegepas word bepaal hoe die liggaam sal reageer en om dit te verklaar kan Newton se drie bewegingswette gebruik word, naamlik:

- Eerste bewegingswet:

  'n Liggaam sal volhard in sy toestand van rus of gelykmatige beweging in 'n reguit lyn tensy dit deur eksterne kragte uit hierdie toestand gedwing word.

- Tweede bewegingswet:

  Die versnelling van 'n liggaam is direk eweredig aan die krag wat die versnelling veroorsaak en omge=keerd eweredig aan die massa van die liggaam en die versnelling vind plaas in die rigting waarin die krag aangewend word.

- Derde bewegingswet:

  Vir elke aksie is daar 'n gelyke en teëgestelde reak=sie (Bunn, 1955:8-9).

Die voorgenoemde begrippe (ewewig, beweging en mag) bepaal die basiese beginsels van die meganika wat verband hou met sportaktiwiteite. Vanuit die basiese beginsels is spesifieke beginsels afgelei om 'n rede te kan gee vir die uitvoering van 'n tegniek op 'n bepaalde manier teneinde optimumresultate te behaal.

Uit die bespreking van die sportafrigtingspraktyk blyk die volgende dus duidelik:

- Sportafrigting is 'n noodsaaklikheid in die hedendaagse samelewing. In sportafrigting kan tussen verskeie kate=gorieë onderskei word en hierdie kategorieë het betrek=king op algemene en besondere sportafrigting.
- 'n Sportafrigter moet met 'n verskeidenheid aspekte wat in sportafrigting van belang is, rekening hou (figuur 1).
- Verskeie sportafrigtingsbeginsels moet deur die sportaf=rigter in gedagte gehou word.

### 3.4.2 Die sportafrigter

Die kragdadigheid van 'n oefening hang in groot mate af van die interaksie wat tussen die afrigter en deelnemer plaasvind (Zukowska, 1973:126). Gesien in hierdie lig, is die sportaf= rigter grotendeels daarvoor verantwoordelik dat die volle potensiaal van die deelnemer ontwikkel word. Om dit te verwesenlik sal die afrigter aan basiese vereistes moet voldoen; vereistes wat, teen die agtergrond van geprofessio= naliseerdheid, aan bepaalde standaarde sal moet voldoen.

In dié verband word drie aspekte toegelig, naamlik die per= soonlike kwaliteite van die sportafrigter, die opleiding van die sportafrigter en die beroepsmilieu van die sportaf= rigter.

#### 3.4.2.1 Die persoonlike kwaliteite van die sportafrigter

Aangaande die persoonlikheid van die sportafrigter ontstaan dikwels vrae, soos Janbroers (1971:37) dit stel "Wat bezielt tog de mensen om het meest onzekere beroep ter wêreld, dat van coach, bewust te kiezen". Die afrigter weet dat prestasie vooropstaan en indien dit nie behaal word nie, verloor hy sy afrigtingsopdrag. Selfs al behaal 'n afrigter welslae is dit nog nie 'n waarborg van langdurige voortgesette betrok= kenheid by afrigting nie, want sodra hy misluk, kry hy die trekpas. Tog is daar altyd persone wat afrig en hulleself weer beskikbaar stel. Janbroers (1977:37) wys daarop dat die afrigter iets van die eienskap van 'n martelaar vertoon. Oor 'n periode van vyf jaar is byvoorbeeld twaalf sokkeraf= rigters in Nederland summier uit professionele sokker ont=

slaan, terwyl 47% van die Amerikaanse basketbalaf= rigters aan tersiêre inrigtings in 1975 gedwonge of vrywillig onder druk bedank het. Instansies wat in beheer is, redeneer dat dit makliker (en goedkoper) is om 'n afrigter as 'n super= speler te ontslaan.

Janbroers (1977:37) stel dit dat diegene wat bereid is om telkens maar weer die terugslag te trotseer en ten spyte van die bevrediging wat dit soms bied, hulleself telkens bloot te stel aan kritiek, een ding in gemeen het: "ze zijn bezeten". Van binne af word hulle onweerstaanbaar gedwing na die terrein van sportaktiwiteit waar menslike vermoëns herhaaldelik getoets en geëvalueer word.

B.C. Ogilvie en T.A. Tutko (1968: *Problem athletes and how to handle them,* soos aangehaal deur Janbroers, 1977:38) het ty= dens 'n ondersoek twaalf sterk positiewe kenmerke by voortref= like afrigters opgemerk:

- 'n sterk drang tot prestasie en in besonder die drang om die beste te wees;
- goed georganiseerd, bepland en toekomsgerig;
- gulhartig en vriendelik, bly om by mense te wees;
- die gewete het 'n sterk inspraak en die afrigters was eer= biedig ten opsigte van kulturele waardes;
- emosioneel stabiel - ook onder hewige psigiese druk;
- openhartig met vertroue in hul medemens;
- goeie leierseienskappe;
- bereid om take te onderneem ten einde die leiersrol te bekom,
- meer geneig om die verantwoordelikheid van mislukking te dra eerder as om dit op iemand anders af te skuif;

- buitengewone geestelike volharding;
- die sin vir realiteit op grond van ongewone emosionele rypheid;
- in staat om natuurlike aggressiewe neiginge op 'n aangepas= te manier in die rol van die afrigter tot uitdrukking te bring.

Twee negatiewe eienskappe is ook by die proefgroep ontdek, naamlik:

- 'n geringe belangstelling in die afhanklikheidbehoefte van andere en nie bereid om voldoende emosionele steun te gee nie;
- 'n geringe buigsaamheid in die toepassing van nuwe leerme= todes.

Genoemde eienskappe is natuurlik nie onvoorwaardelik op alle afrigters van toepassing nie. Die volgende beskrywing van die gemiddelde topsportafrigters kan tiperend van baie afrig= ters wees (Janbroers, 1977:38):

- die neiging om verantwoorde risiko's te loop;
- nie bereid om sy optrede deur die onverwagse of ander eksterne faktore te laat bepaal nie;
- dinamiese tydsbelewenis;
- sterk betrokkenheid by die toekoms;
- voorkeur aan kundige, deskundige mense.

Dit is aanvaarbaar dat 'n afrigter nie al die take wat hy veronderstel is om te behartig en te bemeester gelyktydig kan uitvoer nie, maar op een of ander tyd gedurende sy afrig= tersbedrywighede sal hy aan die volgende vereistes moet kan voldoen (Sabock, 1973:6-23):

- hy moet as onderwyser kan optree, wat deur middel van die beeld wat hy uitbou, verbale- en nie-verbale kommuni=kasie, sportaktiwiteite kan onderrig;
- hy moet dissipline kan handhaaf;
- hy moet in staat wees om sport so voor te stel dat indivi=due daaraan sal wil deelneem;
- hy moet in staat wees om goeie menseverhoudinge te handhaaf;
- hy moet as raadgewer kan optree;
- in sy optrede teenoor ouers, die publiek en die sportdeel=nemers moet hy diplomaties wees;
- hy moet 'n goeie organiseerder wees;
- hy moet 'n goeie voorbeeld stel;
- hy moet 'n psigoloog wees in dié sin dat hy die persoonlik=heid van individue moet kan begryp, sodat dit sy wyse van motivering kan rig;
- hy moet verantwoordelikheid vir sy optrede aanvaar;
- hy moet 'n leier wees;
- hy moet soos 'n vader wees;
- hy moet standvastig wees om sy afrigtingsprogram deurgevoer te kry;
- hy moet 'n politikus wees daarin dat hy konfrontasie met mense vermy;
- die afrigter moet ook as akteur in 'n sekere rol kan optree teneinde 'n sekere doelstelling te bereik;
- die afrigter moet die belange van die gemeenskap en die instansie vooropstel.

Sabock (1973:40-69) verwys ook na besondere kwaliteite wat eie aan 'n afrigter moet wees:

- die afrigter moet eerlik optree en nie voorgee dat hy iemand is wat hy nie is nie;

- 'n afrigter moet 'n weldeurdagte rede hê vir alles wat hy tydens sy afrigting doen;

- die afrigter moet te alle tye sy afrigtingspraktyk kan verantwoord;

- die afrigter moet 'n intense belangstelling hê in die ontwikkeling van elke individu wat hy afrig of afgerig het;

- 'n volgende kwaliteit wat die afrigter moet ontwikkel, is om respek af te dwing. Dit kan nie gekoop, vereis of voorgeskryf word nie, maar kan verdien word deur die wyse waarop interaksie tussen afrigter en deelnemer plaasvind;

- die afrigter moet regverdig wees;

- 'n afrigter moet in staat wees om individue te motiveer, en hy moet 'n studie maak van dié aspek aangesien dit vir afrigters dikwels probleme gee;

- toewyding is 'n belangrike kwaliteit van 'n sportafrig= ter;

- deur middel van regverdigheid, konsekwentheid en stand= vastigheid moet dissipline gehandhaaf word;

- die evaluering van spelers, of die vermoë om sportmoont= likhede raak te sien, moet ontwikkel word en om dit deeglik te kan doen moet deelnemers in 'n wedstrydsituasie dop= gehou word;

- tesame met die vermoë om te kan evalueer, is dit belangrik om diegene wat wel tot die afrigter se beskikking

is so by die afrigting in te skakel dat hulle en die span die beste voordeel daaruit kan trek;

- elke afrigter behoort oor entoesiasme en die begeerte om te wen te beskik - die strewe na oorwinning impliseer nie noodwendig negatiewe optredes nie;
- die afrigter moet die vermoë hê om hard te werk en lang ure aan sy beroep te bestee, alhoewel effektiewe doel= gerigte optrede onnodige werk moet uitskakel;
- die afrigter moet 'n afkeur in middelmatigheid openbaar en slegs die beste met sy afrigtingsprogram nastreef;
- die afrigter moet ook die kwaliteit ontwikkel om diegene wat hy afrig te verstaan, asook om die redes vir hulle deelname aan sport te begryp;
- 'n goeie afrigter beskik oor die vermoë om die faktore wat 'n verskil tussen wen en verloor maak te identifiseer, naamlik: beter sportlui, 'n hoër fiksheidstandaard, min= der foute, 'n meerderwaardige geestelike instelling, be= ter afrigting, en beter posisionering van sportlui in 'n span;
- 'n goeie afrigter strewe daarna om 'n trots en tradisie in die spanne wat hy afrig, te vestig;
- die afrigter moet ook die kwaliteit om doeltreffend te kan organiseer, doelgerig te beplan en sy program te im= plimenteer, steeds ontwikkel;
- die taalgebruik van 'n afrigter moet altyd keurig wees en deur middel van 'n opvoedkundige benadering moet uiting aan emosies gegee word;
- saam met keurige taalgebruik gaan ook die handhawing van hoë morele standaarde gepaard - die uitvoering hier=

van word deur die afrigter in sy eie besondere omstan=dighede beklemtoon;

- eerlikheid moet te alle tye nagestreef word - en dit geld ook vir die deelnemers;
- die afrigter moet homself te alle tye waardig gedra en daarvoor is selfbeheersing noodsaaklik;
- elke afrigter moet sy beginsels konsekwent uitleef en veral met betrekking tot etiese aspekte sy beginsels handhaaf;
- goeie oordeel is 'n noodsaaklikheid en dit word ontwikkel deur rypheid en ervaring;
- die afrigter moet oor die vermoë beskik om regverdig en onpartydig teenoor alle deelnemers op te tree;
- 'n verdere kwaliteit waaroor 'n afrigter moet beskik, is geestigheid, aangesien dit op die regte tydstip spanning kan verlig, 'n gevoel van welwillendheid kan laat ontstaan en die deelnemers laat besef dat die afrigter ook 'n humo=ristiese situasie kan waardeer;
- die laaste kwaliteit wat hier aangedui word is die vermoë van die afrigter om doelwitte vir homself en die afrig=tingsprogram daar te stel.

3.4.2.2 Die opleiding van die sportafrigter

Op die terrein van die Liggaamlike Opvoedkunde is van meet af aan aandag gegee aan vakkundig geskoolde leerkragte, terwyl dieselfde vakkundigheid eers veel later en baie gelei=delik op sportgebied aandag gekry het (Stokvis, 1979:112). Die Liggaamlike Opvoedkunde is bekendgestel en ondersteun deur volwassenes en is al in 'n vroeë stadium verbonde aan

onderwys. Om as onderwyser doeltreffende werk te kon lewer en deur kollegas en leerlinge gerespekteer te kon word, was 'n deeglike opleiding 'n eerste vereiste. In die geval van sport was die betrokkenes tevrede indien enige iemand bereid was om vrye tyd vir afrigting tot beskikking van die sportlui te stel. Soos die sportwetenskap gegroei het uit die teorie van die Liggaamlike Opvoedkunde, was dit ook laasgenoemde wat aanvanklik met die opleiding van sport=leiers begin het (Stokvis, 1979:112). Aangesien die liggaams=opvoedkundige egter meer 'n bewegingsopvoedende taak op skool het en gesien die snelle ontwikkeling van die sportwetenskap (sportkunde) met die besondere klem wat dit vereis, het sportkundige opleiding 'n noodsaaklikheid geword (Botha, 1981:19). Sportkunde sal uit die verbintenis met die Liggaam=like Opvoedkunde gaandeweg as 'n vak in 'n eie studierigting moet ontwikkel, sodat dit voorsiening kan maak vir toekomsti=ge sportopleiding (Botha, 1981:5).

As die omvangrykheid van die sportteorie met die teoretiese implikasie daarvan (die kulmunering van kennis in die ver=skillende sportwetenskappe) en die praktiese implikasies daarvan (die toepassing in die sportafrigtingspraktyk) verder in aggeneem word, kan begryp word waarom die vakkundige opleiding van sportafrigters hedendaags in die internasionale sportwêreld aan die orde van die dag is.

Een van die belangrikste aspekte in die mondering van 'n voornemende sportafrigter, is om die nodige kennis vir sy taak te bekom.

In hierdie verband beweer Botha (1981:6): "die toenemende ingewikkeldheid van hedendaagse sport maak dit gebiedend dat die sportleiding geprofessionaliseer moet word". Profes= sionele leiding het groter kundigheid en deurlopendheid tot gevolg. Omdat sportonderrig toenemend 'n beroepsinslag toon en wetenskaplike kennis vir beroepsvaardigheid nodig is, is dit noodsaaklik dat sportafrigters sorgvuldig opgelei moet word. Die afrigter moet sowel ervaring van toppresta= siesport as wetenskaplike insig hê om 'n sportdeelnemer op internasionale peil te bring (Botha, 1981:7).

Die hele saak van opleiding word gewoonlik ingebou in 'n sportopleidingstruktuur waarin 'n akkrediteringskema vervat is (kyk hoofstuk 4). Volgens Beitzel (1979:1) is sportafrig= ting die mees verwaarloosde terrein van sport. Sy beweer dat 'n nasionale akkrediteringskema vir mense wat wil afrig die moontlikheid sal skep om noodsaaklike opleiding te bekom. Owens (1979:15) beweer dat die voordele van die opleiding van afrigters deur 'n akkrediteringskema daarin geleë is dat:

a) erkenning aan afrigters op verskillende kwalifikasie= vlakke gegee kan word;
b) dit belangstelling en genot tot gevolg het sonder dat die klem op 'n vroeë ouderom te veel op kompetisiespan= ning neerkom;
c) so 'n skema help ook om kundige persone wat weer behulp= saam kan wees met die opleiding van afrigters, op alle vlakke op te lei.

Verdere voordele wat so 'n skema bied is (Botha, 1981:51):

d) dat die standaard van afrigting en die status van die afrigter verhoog word;
e) die afrigters word aangemoedig om hulle bekwaamheid pro=gressief te verbeter:
f) dit orden die afrigtingsberoep met die gevolg dat die nuutste wetenskaplike- en tegniese kennis so gou moontlik aan die afrigters beskikbaar gestel kan word;
g) die kwalifikasies van afrigters word in verskillende dele van die land erken;
h) dit skakel die duplisering van projekte en finansies uit.

Beitzel (1979:9) voeg hierby:

i) dit bevorder die status van die sportafrigtingsprofessie (professioneel in terme van bekwaamheid vir die taak, teen besoldiging of nie);
j) as gevolg van die professionele benadering (professioneel in die sin van erkende bekwaamheid of dit besoldig word of nie) sal daar 'n groter aanmoediging wees vir individue om by sportafrigting betrokke te raak;
k) afrigters sal beter voorberei word; en
l) dit sal lei tot groter bekwaamheid;
m) wanneer sportafrigters opgelei word, is dit moontlik om die kwaliteit van afrigting te beheer, te onderhou en te verbeter.
n) Volgens Worthington (1979:18) kan 'n hiërargie van afrigters opgebou word met 'n groot aantal persone wat die basis van die piramiede vorm en wat jong sportlui (juniors) help, en verder veel minder topklasafrigters wat die

toppresteerderrs op die boonste vlak, afrig. Andrews (1977:93) wys daarop dat sportafrigting (en daarmee saam kompetisies) deur die hele verloop van die piramie= de vir uiteindelike topprestasie baie noodsaaklik is.

Gleeson (Junie 1983a:613) sien egter sekere gevare wanneer alle afrigters op dieselfde wyse opgelei word, aangesien dit stagnasie in die ontwikkeling van sportafrigting kan mee= bring. "Coaching does not want standardization, it needs coaches who can excite other coaches and performers to ex= pand and go on expanding their knowledge and the wonder of sport".

Verdere besware wat ook teen 'n akkrediteringskema ingebring kan word (Beitzel, 1979:9) is dat:

- individue met natuurlike talent nie afrigting nodig het nie;
- afrigtingskemas stereotipe afrigters en sportlui tot gevolg het; en
- dit slegs nodig is om 'n suksesvolle afrigter na te boots ten einde ook goed te kan afrig.

Beitzel (1979:9) weerlê self hierdie argumente met onder andere die stelling dat die aanleer van vaardighede geen beperkings het nie en dat korrekte afrigting voortgesette vordering tot gevolg sal hê. Diegene met die ingebore moontlikhede om op topsportvlak te presteer, realiseer nie die potensiaal sonder bekwame afrigting nie. Goed gestruktureerde afrigtings= programme sal individuele sterk punte in die raamwerk van korrekte afrigtingsmetodologie na vore bring. Die aanleer van die korrekte vaardighede lei tot geslaagde en doeltref=

fende deelname, asook tot meer selfvertroue en genot. Die vaardighede van die verskillende sportsoorte verskil, maar wat die aard van die vaardighede ookal is, dit bly noodsaaklik dat afrigting moet plaasvind. Die intensiteit van deelname en die gepaardgaande afrigting hang van die prestasievlak af waarna gestreef word. Dit is egter belangrik om te besef dat selfs die bekendstelling van die basiese vaardighede aan 'n deelnemer, 'n opgeleide afrigter vereis.

Op skool moet die fondament vir sportbeoefening na skoolver= lating gelê word. In die gevalle waar aandag aan sekere sportsoorte op skool bestee is, werk dit deur na latere sport= beoefening op klub- en provinsiale vlak (RGN, 1982,17:215). Deelname aan sport is tans ook in 'n groot mate 'n jeugverskyn= sel, aangesien 50% van die totale aantal sportdeel= nemers in Suid-Afrika jonger as twintig jaar is (RGN, 1982, 18:14). Met sportafrigting word fundamentele aspekte tuisge= bring en vaardighede ontwikkel, maar tog word die gemeenskap= like afrigtingsbeginsels aangepas by bepaalde behoeftes en situasies soos wat dit by verskillende individue en sport= soorte nodig mag wees.

Ten einde die voordele van 'n opleidingstruktuur te realiseer is dit vanselfsprekend dat die inhoudelike daarvan op weten= skaplike wyse aan die verskillende aspekte van die sport= teorie verantwoordbaar moet wees.

3.4.2.3 Die beroepsmilieu van die sportafrigter

Sportafrigters kan op verskeie terreine van die samelewing werksaam wees. Edwards (1973:133-134) noem verskeie moontlik=hede soos:

- Die sportafrigter kan by 'n openbare instelling aangestel word en tesame met sy afrigtingsverantwoordelikheid ook onderwysersverpligtinge hê. Die hooftaak van hierdie onderwyser-afrigter lê op die gebied van sportafrigting en hy het ook verpligtinge met betrekking tot groot sport=prestasies.
- By privaatskole kan die afrigter aangestel word met of sonder onderwysverpligtinge. In hierdie geval is dit moontlik dat hy nie dieselfde akademiese kwalifi=kasies as die ander personeellede nodig het nie. In 'n ondersoek wat in skole in California onderneem is, is bevind dat die meeste hoofafrigters oor 'n eerste akademiese graad beskik, terwyl sommige selfs oor mees=ters- of doktorsgrade beskik.
- In professionele sport word afrigters deur die eienaars of direkteure van sportspanne in oorleg met algemene bestuurders of ander kundige persone aangestel. In hierdie geval is die afrigter se enigste doelwit: om te wen. Indien hy dit bereik, maak weinig ander aspekte saak.
- Uit die RGN-sportondersoek (1982, 11:116) het dit ook aan die lig gekom dat afrigters by myne, industrieë en nywerhede werksaam kan wees.

- Afrigters kan ook by tersiêre opvoedkundige inrigtings met 'n voltydse of deeltydse afrigtingsverantwoordelik= heid aangestel word (Kahrs, 1982).
- Afrigters kan verder ook deur nasionale sportbeheerlig= game in bepaalde sportsoorte aangestel word (Botha, 1981:11).

Waar die afrigter ookal in diens is en op watter wyse hy ookal afrig, blyk dit dat dit sy grootste verantwoordelik= heid is om sukses te behaal. As die afrigter nie suksesvol is nie, baat al sy goeie kwaliteite niks. Janbroers (1980: 121) beweer dat "De inhoud van de werk van de coach wordt bepaal door de geldende maatschappijnormen. Hierin staat 'succes' nog steeds hoog in aanzien. Het kleine woordje 'winnen' is derhalwe het meeste belangrijke in het gezin van de coach".

Die posisie van die sportafrigter is al 'n ongelooflike dilemma genoem (Janbroers, 1977:41). Dit is ook so as die innerlike drang tot betrokkenheid by sportafrigting gestel word teenoor die werklikhede van die praktyk. Janbroers (1977:41) stel dit dat "Coaching is in vergelyking met veel ander werk ener= gie- en zenuvretend. Er is een enorme, overgawe en begeeste= ring voor nodig, tot aan verslawing toe". As gevolg van die druk en spanning wat almal raak, vorm afrigters 'n merk= waardige homogene groep, ongeag die vlak waarop hulle afrig (Edwards, 1973:134).

Alhoewel 'n hoë betrokkenheid in sportloopbane merkbaar is, is die mate van professionalisering met betrekking tot werwing, statussekuriteit en besondere etiek baie gering. In die geval van sportdeelnemers sal 'n drang na statussekuriteit hul onafhanklikheid en beweeglikheid belemmer - faktore wat essensieel is vir topprestasie. In die meeste ander sport= loopbane is die verwagte beloning en prestige dikwels nie so hoog dat volle professionalisering geregverdig is nie. Sportonderwysers blyk hier 'n uitsondering te wees daarin dat hulle aandring op groter professionalisering (Lüschen, 1973:358).

Die bevindinge van Edwards (1973:134) sluit aan by die van Botha (1981:89), naamlik dat die "probleme van die afrigtersberoep saam= hang met die wisselvalligheid van prestasies, die saamgeflans= te pligstate van afrigters, die onvolledige tydsbesteding aan werklike afrigtingsaktiwiteite en die twyfelagtige maat= skaplike beeld van die sportafrigter". As gevolg van die omstandighede word al meer voorkeur gegee aan die aanstelling van deeltydse sportafrigters, sodat die probleem van beroeps= onsekerheid uitgeskakel kan word. Botha (1981:89) beweer verder dat "hierdie onsekerheid rondom die afrigtersberoep solank sal voortduur as wat resultate in plaas van diens, die kriterium vir merietebepaling bly".

Wanneer professionalisering in die sportafrigtingsberoep nagestreef word, sal bepaalde norme en standaarde met betrek= king tot die status van die beroep en die sportafrigter neer= gelê moet word.

Dit is belangrik om daarop te let dat daar nie net een manier is om voortreflik af te rig nie. Elke afrigter se afrigtings=filosofie, sy eie persoonlikheid en omstandighede sal bepaal watter benadering hy sal volg (Sabock, 1973:40).

Die afrigtingsfilosofie wat deur 'n afrigter gevolg word, bepaal die oogmerk wat met die afrigting nagestreef word. Onder hierdie oogmerke kan die wenmotief, of plesier, of byvoorbeeld die fisieke-, psigologiese- en sosiale ontwikke=ling van die sportdeelnemer vooropgestel word (Martens et al., 1981:3). Volgens Matveyev (1977:29) sal sport en sport=afrigting alleen dan van sosiale en opvoedkundige betekenis in die gemeenskap bly, wanneer die vorming van die mens die eerste prioriteit van die sport- en afrigtingsgebeure is.

Ten einde professionalisering in die sportafrigtingspraktyk te verwesenlik, sal 'n bepaalde filosofiese benadering nage=volg moet word, naamlik dat die belange van die sportdeelne=mer nie ingeboet moet word vir ander doelstellings wat met die sportdeelname beoog word nie.

Doelwitstelling is 'n basiese beginsel van die onderwyspraktyk en behoort ook na alle terreine van die sportafrigtingspraktyk deurgevoer te word. Wanneer hierdie doelwitte duidelik omlyn is, dui dit rigting vir al die vertakkinge van die aktiwiteit aan, sowel as vir die wyse waarop die afrigter binne die raamwerk figureer. Die periode vir die bereiking van doelwitte wissel na gelang van omstandighede. Dit mag nodig wees om die beplanning en die doelwitte na evaluering verskeie kere aan te pas, aangesien die teorie en praktyk nie noodwendig altyd by mekaar uitkom nie (Sabock, 1973:49).

In doelwitbestuur is die identifisering van doelstellings, sleutelprestasieareas en die evaluering van dié sleutel= prestasieareas algemene praktyk om effektiwiteit in 'n beroep te verseker (PU vir CHO, 1984: 1 ).


Soos wat effektiwiteit onontbeerlik is in die professionali= seringsproses, so is produktiwiteit ook noodsaaklik. Volgens Sutermeister (1976:i) is daar egter baie faktore wat 'n werk= nemer se arbeidsprestasie en produktiwiteit beïnvloed. Die hooffaktore wat dié twee aspekte beïnvloed word in figuur 2 weergegee.

Hieruit blyk dit dat die tegnologiese ontwikkeling die be= roepsomskrywing en metodes in die besondere beroep, 'n direkte invloed op produktiwiteit het.

Verder bepaal verskeie faktore die mate van gemotiveerdheid van die werknemer en dit staan in direkte verband met die arbeidsprestasie en produktiwiteit.

Faktore wat verband hou met die vermoë van die individu naamlik vaardigheid en kennis, asook sosiale omstandighede, verskillende individuele behoeftes en die fisieke toestand van die persoon beïnvloed byvoorbeeld die mate van gemoti= veerdheid en gevolglik produktiwiteit.

Die groottes van die afdelings hou nie verband met hulle relatiewe belangrikheid nie. Dit sal in verskillende organi= sasies, in verskillende afdelings en selfs by verskillende individue met hulle besondere behoeftes, verskil.




FIGUUR 2. DIE HOOFFAKTORE WAT DIE ARBEIDSPRESTASIE EN PRODUKTIWITEIT VAN 'N WERKNEMER BEPAAL. (Sutermeister 1976 : 1)

Die faktore in die verskillende kategorieë beïnvloed mekaar voortdurend.

Indien produktiwiteit deur sommige van hierdie faktore nade= lig beïnvloed word, moet positiewe stappe gedoen word om die probleme reg te stel.

Dit is vanselfsprekend dat geprofessionaliseerdheid deur voltydse- en deeltydse sportafrigters nagestreef moet word, maar dit is ook noodsaaklik dat die vrywillige sportafrigters met betrekking tot die kwaliteit van die dienste wat hulle lewer, op die weg na professionalisering geplaas word. Beitzel (1979:13) beweer dat die vrywillige sportafrigters wat uit liefde vir die saak dienste aan sport lewer, altyd steunpilare in die sportwêreld sal bly. Wanneer hierdie perso= ne nie meer dié dienste lewer nie, sal dit groot finansiële implikasies vir die sportafrigtingspraktyk hê.

Beroepsekuriteit is 'n belangrike kenmerk van die professio= naliseringsproses, omdat dié proses beskerming impliseer. Een van die eerste aangeleenthede wat ter sprake kom wanneer 'n individu 'n beroep oorweeg, is beroepsekuriteit (Sabock, 1973:71).

Volgens Sabock (1973:71-72) is sekuriteit geleë in veral drie areas naamlik:

- Die afrigter moet vertroue in sy eie vermoëns hê. Hierdie vermoëns behels baie bekwaamhede, maar dit moet kulmineer in die vermoë om individue te kan afrig om te presteer.

- Die afrigter moet tweedens volkome vertroue in die span=lede hê - vertroue dat hulle tydens kompetisie dit sal kan uitvoer wat hulle tydens oefeninge geleer het. 'n Afrigter behaal sukses met die regte deelnemers wat reg afgerig is.
- Die afrigter moet besef dat dit noodsaaklik is om met sy meerderes saam te werk.

Botha (1981:22) beweer dat beroepsekuriteit in sportafrigting daarin geleë is dat slegs gekwalifiseerdes mag afrig en dat die besoldiging vir sportafrigting realisties moet wees.

Geprofessionaliseerde sportafrigting sal op gemeenskapsdiens gebou moet word en wel op so 'n mate dat dit as 'n onontbeerlike beroep beskou sal word. Die afrigter kan sy geprofessiona=liseerdheid bevestig deur die nodige opleiding te onderneem en sportafrigting as volwaardige beroep in die maatskappy te beoefen. Dit sal die beroep tot volwaardige professiona=lisme lei, eerder as die suksesse wat met die afrigting behaal word (Botha, 1981:9).

Wanneer sportafrigting op alle vlakke geprofessionaliseer is, sal diegene wat oor potensiaal beskik om op topprestasie=vlak mee te ding vroeër geïdentifiseer kan word. Met doelge=rigte wetenskaplike afrigting sal hulle potensialiteite ten volle ontwikkel kan word. Wanneer wêreldgehaltepres=tasies deur hulle behaal word, sal hulle kan meehelp dat Suid-Afrika weer op die wêreldsportkaart geplaas kan word.

Professionele status vir die sportafrigter impliseer dus dat professionalisering oor 'n wye terrein nagestreef moet

word. Dit is egter 'n weg wat gevolg sal moet word indien die professionalisering van die sportafrigtingspraktyk verwerklik wil word.

Wanneer sake wat verband hou met die voorsiening van sportaf=rigting ter sprake kom, is dit essensieel dat die beginsels waarvolgens die voorsiening moet geskied ook oorweeg moet word. In die RGN-sportverslag (1982, 2:42) word beginsels en riglyne vir sportvoorsiening weergegee en aangesien sport=afrigting 'n komponent van sport is, word die genoemde begin=sels en riglyne hier weergegee.

### 3.4.3 Beginsels en riglyne vir sportvoorsiening

Ten einde 'n regverdige, omvattende en algemeen aanvaarbare sportbedeling vir Suid-Afrika daar te stel, moet belangheb=bendes by sportvoorsiening die volgende beginsels en riglyne positief erken en nastreef:

Beginsel 1: Die fundamentele vryheid van individue en groepe by deelname aan spel en sport.

Beginsel 2: Die vryheid van assosiasie en keuse in sport.

Beginsel 3: Die gelykheid van geleenthede in sportvoorsiening ongeag ras, kleur, geloof, geslag of ouderdom.

Beginsel 4: Die bevoegdheid en verantwoordelikheid van sportliggame en instellings op uitsluitlike en deurslaggewende seggenskap oor eie huishoude=like aangeleenthede.

Beginsel 5: Die verantwoordelike handhawing, beskerming en bevordering van openbare belang by sportvoor=siening.

Riglyn 1: Die gesamentlike verantwoordelikheid van die gemeenskap, owerhede, private sakesektore,

sportliggame en individue ten opsigte van sport= voorsiening.

Riglyn 2: Die ewewigtige voorsiening van sport met inagne= ming van geografiese en demografiese oorweginge.

Riglyn 3: Die gesamentlikheid en diversiteit in die Suid-Afrikaanse sportsituasie.

Riglyn 4: Die ewewigtige voorsiening van rekreasiesport en hoogs mededingende sport.

Riglyn 5: Voorsetting van navorsing as noodsaaklike voor= waarde vir ewewigtige sportvoorsiening.

3.4.4 Samevatting

Uit die voorafgaande bespreking kan afgelei word dat

- die afrigter oor besondere kwaliteite moet beskik;
- die opleiding van die sportafrigter van besondere belang is;
- sportopleidingskemas verskeie voordele inhou, alhoewel enkele persone ook nadele daarin sien;
- gekwalifiseerde afrigters veral vir sportafrigting op skool noodsaaklik is, omdat die basis van sportvaardighede op skool vasgelê word;
- sportafrigters op verskeie terreine in die samelewing diensbaar kan wees;
- daar wel verskeie risiko's inherent aan sportafrigting as beroep bestaan.

Risiko's is egter ook kenmerkend van ander beroepe. Die strewe na geprofessionaliseerdheid sal egter dié risiko's in die sportafrigtingspraktyk verminder. In hierdie verband beweer Botha (1981:9) dat die afrigter sy professionalisering kan demonstreer deur die gepaste skoling te ondergaan en aan die samelewing 'n duidelike beeld van sportafrigting

as volwaardige beroep voor te hou: "sodanige pragmatiese oorwegings sal eerder professionalisering bevorder as wen-verloor-statistieke" (Botha, 1981:9).

Faktore wat die produktiwiteit van die sportafrigter nadelig beïnvloed moet geïdentifiseer en reggestel word.

Verder is dit ook belangrik dat die voorsiening van sportaf= rigting volgens bepaalde beginsels moet geskied. Die afrig= ter moet ook vanuit bepaalde beginsels sy afrigtingsbenade= ring bepaal en rig.